



Staatskoerant Government Gazette

R0,80 Prys • Price
R0,08 Plus 10% BTW • VAT
R0,88 Verkoopprys • Selling price
Buitelands R1,10 Other countries
Posvry • Post free

Vol. 320

PRETORIA, 28 FEBRUARIE
FEBRUARY 1992

No. 13801

GOEWERMENSKENNISGEWING

MINISTERIE VAN WET EN ORDE

No. 719

28 Februarie 1992

WET OP GEVAARLIKE WAPENS, 1968

VERBOD OP DIE BESIT VAN GEVAARLIKE
WAPENS EN VUURWAPENS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (2) en artikel 2 (3) van die Wet op Gevaarlike Wapens, 1968 (Wet No. 71 van 1968), vaardig ek, Johannes Hendrikus Lodewyk Scheepers, Adjunkminister van Wet en Orde, handelende namens en in opdrag van die Minister van Wet en Orde, hierby die verbod uit in die Bylae hiervan uiteengesit.

J. H. L. SCHEEPERS,

Adjunkminister van Wet en Orde.

BYLAE

Woordomsrywings

1. (1) In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk—

“gevaarlike wapen” beteken—

(a) enige voorwerp wat ontwerp of vervaardig is met die oogmerk om 'n liggaamlike letsel toe te dien; of

(b) enige voorwerp wat nie ontwerp of vervaardig is met die oogmerk om 'n liggaamlike letsel toe te dien nie, maar wat 'n liggaamlike letsel sal toedien indien dit gebruik sou word om 'n aanranding te pleeg, tensy 'n persoon in besit van sodanige voorwerp kan bewys dat met betrekking tot die omringende omstandighede hy te gener tyd die bedoeling gehad het om sodanige voorwerp vir enige onregmatige doel te gebruik nie of dat hy te gener tyd die bedoeling gehad het om sodanige voorwerp te gebruik om enige ander persoon of persone te intimideer nie;

“openbare plek” beteken enige plek waartoe 'n lid van die publiek 'n reg van toegang het, of waartoe so 'n lid gewoonlik toegelaat word;

GOVERNMENT NOTICE

MINISTRY OF LAW AND ORDER

No. 719

28 February 1992

DANGEROUS WEAPONS ACT, 1968

PROHIBITION ON THE POSSESSION OF DANGEROUS WEAPONS AND FIREARMS

Under the powers vested in me by section 2 (2) and section 2 (3) of the Dangerous Weapons Act, 1968 (Act No. 71 of 1968), I, Johannes Hendrikus Lodewyk Scheepers, Deputy Minister of Law and Order, acting on behalf of and on assignment by the Minister of Law and Order, hereby issue the prohibition contained in the Schedule hereto.

J. H. L. SCHEEPERS,

Deputy Minister of Law and Order.

SCHEDULE

Definitions

1. (1) In this Schedule, unless the context otherwise indicates—

“dangerous weapon” means—

(a) any object which has been designed or manufactured with the object of inflicting a bodily injury; or

(b) any object which has not been designed or manufactured with the object of inflicting a bodily injury, but which may inflict a bodily injury if it were used to commit an assault, unless a person in possession of such an object is able to prove that with respect to the surrounding circumstances he at no time had any intention of using such object for any unlawful purpose or that he at no time had any intention of using such object to intimidate any other person or persons;

“public place” means any place to which a member of the public has a right to entry, or to which such member is usually admitted;

"politieke byeenkoms" beteken, behoudens die bepalings van subparagraaf (2), enige politieke byeenkoms, toeloop of optog wat gereël, belê of gehou word met die hoofdoel om die beginsels of beleid van 'n politieke party of organisasie, hetsy sodanige party of organisasie ingevolge enige wet geregistreer is al dan nie, te bespreek, aan te val, te kritiseer, te bevorder of te propageer.

(2) Ondanks die bepalings van subparagraaf (1) word die omskrywing van "politieke byeenkoms" nie uitgelê as sou dit enige tradisionele kulturele byeenkoms of enige seremoniële byeenkoms insluit nie.

Verbod

2. Behoudens die bepalings van paragraaf 3 mag geen persoon wat enige politieke byeenkoms in of op enige openbare plek bywoon of daaraan deelneem, te eniger tyd terwyl hy sodanige byeenkoms bywoon of daaraan deelneem, in besit wees van 'n gevaarlike wapen of 'n vuurwapen of 'n replika daarvan nie.

Vrystellings

3. Die verbod is nie van toepassing nie op 'n persoon—

(a) wat in diens van die Staat is en wat by 'n politieke byeenkoms in of op 'n openbare plek teenwoordig is in die uitvoering van sy amptelike pligte; of

(b) wat 'n sekuriteitswag of 'n *bona fide*-lyfwag is en wat 'n sekuriteitsdiens lewer by 'n politieke byeenkoms in of op 'n openbare plek.

"political gathering" means, subject to the provisions of subparagraph (2), any political gathering, concourse or procession which has been organized, convened or held with the prime intention to discuss, attack, criticize, promote, or propagate the principles or policy of a political party or organization, whether or not such party or organization is registered in terms of any law.

(2) Notwithstanding the provisions of subparagraph (1), the definition of "political gathering" shall not be construed as including any traditional cultural gathering or any ceremonial gathering.

Prohibition

2. Subject to the provisions of paragraph 3 no person attending or participating in any political gathering in or on any public place may at any time while he attends such gathering or participates therein be in possession of any dangerous weapon or any firearm or a replica thereof.

Exemptions

3. The prohibition shall not apply to a person—

(a) who is in the service of the State and who is present at a political gathering in or on a public place in the execution of his official duties; or

(b) who is a security guard or a *bona fide* bodyguard and who is rendering a security service at a political gathering in or on a public place.

INHOUD

No.	Bladsy No.	Koerant No.
-----	---------------	----------------

GOEWERMENSKENNISGEWING

Ministerie van Wet en Orde

Goewermenskennisgewing

719	Wet op Gevaarlike Wapens (71/1968): Verbod op die besit van gevaarlike wapens en vuurwapens	1	13801
-----	---	---	-------

CONTENTS

No.	Page No.	Gazette No.
-----	-------------	----------------

GOVERNMENT NOTICE

Ministry of Law and Order

Government Notice

719	Dangerous Weapons Act (71/1968): Pro- hibition on the possession of dangerous weapons and firearms.....	1	13801
-----	---	---	-------